

Benut jou seëninge

Prediker staan bekend as die wysheids-leraar. Hierdie wysheid word prakties aan ons deurgegee. Prediker is nie 'n pessimis nie, maar 'n groot optimis juis omdat hy so positief wil wees. In die negatiewe van die lewe bring hy die positiewe sterk na vore. Prediker 9 mag aanvanklik negatief klink. Die skrywer sê byvoorbeeld "alles is gelyk vir almal, en dieselfde lot tref alle mense". Die een het nie 'n voordeel bo die ander nie. In die lewe met sy voorspoed en teëspoed is selfs die regverdige nie beter af as die goddelose nie. Dit is wanneer 'n mens na die lewe gewoon oppervlakkig kyk. In hierdie gewoon-alles-gelyk-wêreld lê egter 'n kwaliteit wat die gelowige met alle mag moet ontgin. Dit word vir ons beskryf van vers 7 tot 10. Die gelowige word opgeroep om elke dag sy brood met vreugde te geniet en sy wyn met 'n vrolike hart te drink, want, sê hy "God het behae in jou werke". Jy deel in God se liefde en genade. Nee, dit is nie lotgevalle wat jou tref nie; dit is God se leidende genade waardeur Hy jou versorg en ook dra.

Prediker se wyse raad is om aan die Here vas te hou en elke dag naby aan Hom te lewe. "Laat jou klere altyd wit wees en olie op jou hoof nie ontbreek nie". Leef met blymoedigheid tot eer van God.

Prediker gaan dan oor tot die mees praktiese. Soek die kwaliteit in die lewe, ook as jy in die huwelik staan. "Geniet die lewe met jou vrou wat jy liefhet - dit is jou deel aan die lewe en aan jou arbeid". Die Here wil aan jou lewensvervulling en vreugde gee te midde van die gebrokenheid van die wêreld. Gryp dit positief met albei hande vas. Haal kwaliteit uit die lewe. Dit is daar, want God het dit gegee. Dit is vervul in Jesus Christus wat dit wat stukkend was deur die sonde, weer heel gemaak het.